

- **Vraag 1**      **10 punte**

Sommige kandidate het nie geweet hoe om die outeur van die leer te verander nie. Die kandidate het baie goed gedoen in hierdie vraag.

- **Vraag 2**      **15 punte**

Sommige kandidate het 'n voetnota gebruik in plaas van 'n endnota. Dit is belangrik dat die kandidate noukeurig moet werk. Dit moet deur die onderwysers vasgelê word. Die kandidate verloor baie punte as gevolg van agterloosigheid.

Dit is belangrik dat die eenhede van die rekenaar na sentimeter gestel moet word. Hierdie vraag vereis dat die inkeping op 1.5cm gestel word.

- **Vraag 3**      **15 punte**

Die kandidate het die vrae, wat die formattering van die sigblad behels, baie goed beantwoord. Probleme het ontstaan met die stel van die agtergrondkleur van die kommentaar blokkie.

Die berekening van die sigblad, soos Vraag 3.6, lewer altyd probleme op. Hierdie aspek van die sillabus moet baie inge oefen word.

Die is belangrik dat die kandidate al drie die kolomme moet selekteer indien die data in Excel gesorteer word.

Behalwe vir die berekening en sortering het die kandidate goed gevaar in hierdie vraag.

- **Vraag 4**      **15 punte**

Kandidate het swak gevaar in Vraag 4.2 en 4.3. Hulle was onseker watter operator om te gebruik vir kleiner (<) en groter (>) as tekens. Die kandidate het ook nie besef dat die "between" operator die randwaardes 0 en 45 insluit nie.

Dit is belangrik dat kandidate moet besef dat 'n criteria in 'n navraag op enige stel data toegepas kan word. Die criteria van die "plek"-veld moet gestel word op \*Mpumalanga\*.

"Mpumalanga" alleenlik (sonder sterretjies) sal slegs bome wat in Mpumalanga voorkom onttrek.

- **Vraag 5**      **15 punte**

Sommige kandidate het 'n tabel geskep deur die data na 'n nuwe tabel te kopieer in plaas daarvan om die funksie, *convert text to table*, met die dubbelpunt(:) karakter as onderskeidings-karakter te gebruik.

- **Vraag 6            15 punte**

Die berekening van die aankoopprys het probleme veroorsaak. Sommige candidate gebruik die SUM funksie vir elke berekening. Die teksmanipulasie vraag is beter beantwoord as verlede jaar. Candidate het gesukkel met Vraag 6.3, waar **Formula is** gebruik moes word in plaas van **Cell value is**. Die IF-funksie in Vraag 6.5 kon gebruik word saammet die OR-funksie of 'n geneste IF-funksie kon ook gebruik word. Weinig candidate het hierdie vraag gedoen. Die VLOOKUP-funksie het ook probleme veroorsaak.

- **Vraag 7            15 punte**

'n Beduidende aantal candidate het onthou om die indringerplante te onttrek deur die *wildcard*-karakter, bv. X\*, in Vraag 7.2, te gebruik. Slegs 'n beperkte aantal candidate het egter onthou om die veld te updateer na \* + [familieNaam].

Sommige candidate het glad nie Vrae 7.3 en 7.4 gedoen nie.

Alhoewel die meerderheid candidate die korrekte velde in Vraag 7.5 geselekteer het, het slegs 'n minderheid van die candidate onthou om 'n navraag te gebruik, wat die bome hoër as 8m sal onttrek, en dan die verslag op hierdie navraag te baseer.

- **Vraag 8 & 9 (Java)    45 punte**

Van die 3680 candidate, het slegs 6 candidate hierdie vraag beantwoord. Behalwe vir slegs 1 kandidaat, het die res swak gevaar in hierdie vrae.